SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP

Julie 2013, NUUSBRIEF No. 2

Geagte Boerperd Vriende

*Dit wil voorkom of die jaar 2013 'n jaar van baie eerstes en veranderings is – nie net in die SA Boerperd geledere nie, maar ook in die breër ruiterkuns gemeenskap. Die herstrukturering van die SAEF (*South African Equestrian Association*) het dan ook 'n groot invloed oor hoe ons perdesport in die toekoms sal beplan en bestuur. Lees later meer hieroor, asook die invloed daarvan op ons Ruiterkuns-span, in die nuusbrief.*

'n Kommerwekkende toestand in die land is sekerlik die toenemende finansiële druk wat duidelik weerspieël word in die afgelope veilings. Ons wil dit egter duidelik maak dat daar niks skort met ons perde nie en dat veilings waar perde nie goeie pryse haal nie, 'n algemene tendens is. Sterkte aan die stoete waarvan die veilings nog voorlê.

Ons Nasionale Skou lê dan ook om die draai. Die skou-komitee is druk besig met reëlings en ons volgende Nuusbrief sal dan ook merendeels aandag gee aan die voorbereiding vir die skou.

Baie dankie aan almal se positiewe skrywes en insette aan die Raad. Wees verseker dat alles aandag geniet. Daar word notas gemaak van al julle besware, asook voorstelle wat dan oop sal wees vir bespreking op die AJV. Besluite wat op die AJV 2012 geneem is, kan egter nie deur die Raad herroep word voor die volgende AJV (2013) nie. Dit is daarom van kardinale belang dat alle besluite wat op die AJV geneem word, goed deurdag sal wees.

Geniet die nuusbrief.

Groete /Regards

Piet Grové
PRESIDENT 2012/13
083 301 163

NUUSBRIEF SAAMGESTEL DEUR
Charles van Schalkwyk (Charles.v.s@vodamail.co.za)
& Petro Grové (petrogrove@mweb.co.za)

Stuur asb. alle bydraes vir die volgende nuusbrief per e-pos aan ons voor 30 Augustus 2013.

IN HIERDIE NUUSBRIEF:

1. SENTRALE HINGSKEURING: 2013

2. HERSTRUKTURERING VAN PERDESPORT IN SA: SAEF

3. RUITERKUNS SPAN 2012/13

4. STREEKKAMPIOENSKAPPE
   4.1 Vrystaat Streekkampioenskappe
   4.2 Mpumalanga Streekkampioenskappe

5. JEUGAKSIE

6. NASIONALE SA BOERPERD SKOU: PARYS

1. SENTRALE HINGSKEURING: 2013

Charles van Schalkwyk en Dirk Odendaal

Volgens 'n besluit van die AJV (*Algemene Jaarvergadering, 5 Oktober 2012*) is 'n sentrale hings-keuring vir die hele land se hingste gehou op 28 – 30 Mei 2013, te Frankfort Skougronde (Vrystaat). Dit was 'n eerste vir die SA Boerperd Telersgenootskap. Volgens die Raadslid vir Keurings, Dirk Odendaal, het die prosedures glad verloop; die terrein en fasiliteite was goed. Bo en behalwe dat die *sentrale* keuring van hingste 'n eerste in ons genootskap was, is daar ook vir die eerste keer 5 keurders ingespan wat individueel en onafhanklik die hingste gepunt het. Die gemiddeld is dan bereken as uitslag.

Dawn Mansfield het dan ook van die geleentheid gebruik gemaak om data vir haar navorsing in te samel deur die hingste te meet en video's van hulle beweging te neem. Dit was 3 bedrywige dae en daar was heelwat toeskouers.

Nadat heelwat hingste onttrek is, is daar 'n totaal van 59 hingste voorgebring vir keuring: 43 is gekeur en 16 staan oor vir die volgende keuring, indien hulle eienaars sou kies om hulle weer voor te bring.

2. HERSTRUKTURERING VAN PERDESPORT IN SA – SAEF

Na aanleiding van die brief wat onlangs op die web-blad geplaas is om u bewus te maak van nasionale veranderings in die struktuur van perdesport, gee ons graag vir u die volgende meer gedetailleerde inligting deur.

Die aanvanklike brief op die web-blad lees soos volg:

Die Raad is bewus van die verwikkelinge in die gelederevan perdesport as gevolg van die nuwe vereistes soos neer gelê deur die SAEF (South African Equestrian Federation).

Die SA Boerperd Telersgenootskap is saam met alle perderasse wat geregistreer is by SA Stamboek, besig om met die SAEF te onderhandel vir die behoud van ons ras- gebaseerde skoue .Die SA Boerperde, tesame met alle ander perderasse is in die proses om vir elke ras 'n plek in die nuwe bedeling te beding .Die rasse onderhandel as 'n eenheid met SAEF en ons sal U op hoogte hou van verwikkelinge in die verband.

Die huidige alternatiewe wat tans beskikbaar is, in die vorm van reeds bestaande klubs, blyk ook ontsettend duur te wees. Die Raad sal binnekort met alternatiewe na vore kom. Waak asseblief voor U voor die voet aansluit by klubs wat u ten duurste druk om te betaal.

Die Genootskap sal binnekort vir U 'n alternatiewe klub beskikbaar stel. U kan dan die klub evalueer as 'n alternatief.

Enige navrae kan gerig word aan Me Heleen Pope (082 630 1827) of Mnr. Jan Joubert (083 289 9220)

By voorbaat dank.

Piet Grovè
Voorsitter: SA Boerperde Telersgenootskap

Die **SAEF** (*South African Equestrian Federation*) is 'n organisasie wat gestig is deur **SASCOC** *(South African Sports Confederation and Olympic Committee)* om perdesport in Suid Afrika te reguleer. Die **SAEF** word ook deur hulle internasionale eweknieë erken as beherende gesag in perdesport vir Suid-Afrika.

Die herstrukturering van perdesport organisasies, sowel as die implementering van nuwe regulasies word dus deur wetgewing ondersteun. Volgens die konstitusie van die **SAEF** (19 Julie 2012, 2de edisie; www.saef.org.za), is die doel van die **SAEF** om al hulle lede by te staan met die toekenning van Nasionale Protea Kleure, asook

die befondsing daarvan soos deur **SASCOC** vereis. Dit is dus 'n organisasie waardeur verskeie perdry dissiplines bedingingsmag met die regering kan kry.

- Die SA Boerperd Telersgenootskap, tesame met ander perderasse se eweknieë, is steeds in onderhandeling met die tersaaklike owerhede om deel te kan vorm en erkenning as ras te kan verkry in hierdie struktuur. Op 6 Junie 2013 is daar dan ook tydens 'n spesiale Forum 'n komitee verkies wat namens die gesamentlike perderasse, sowel as SA Stamboek wat ±27 000 perde insluit, 'n plek sal beding vir Telersgenootskappe in die nuwe struktuur. Wees verseker dat die SA Boerperde goed verteenwoordig is op hierdie komitee en dat ons belange dus op die hart gedra sal word.

Indien alle onderhandelings wat steeds aan die gang is slaag, behoort die opgedateerde struktuur van die **SAEF** te lyk soos op die organogram hieronder. Daar word verwag dat die onderskeie telersgenootskappe gesamentlik op dieselfde vlak soos aangedui op die diagram hieronder, sal funksioneer.
- Kyk **SA Breeders' Association** op die diagram.

Alle perde wat alleenlik aan SA Boerperd Skoue en Kampioenskappe wil deelneem, moet slegs aan die SA Boerperd Telersgenootskap (wat as klub sal funksioneer) behoort. Die SA Boerperd Skoue en Kampioenskappe sal steeds, soos nou, onder hulle eie reëls en regulasies skou, perde keur, asook hulleself bestuur soos tans die geval is. **Dit is net die benaming wat sal verander om by die nuwe struktuur in te skakel**.

Om deel te kan uitmaak van die groter prentjie, moet die **klub** dan deel vorm van die **SA Breeders' Association**. Eienaars van ander perderasse sou ook kon kies om aan die SA Boerperd klub te behoort, alhoewel hulle steeds *nie* aan ons skoue sal mag deelneem nie. Die **SA Breeders' Association** sal dan ook ander rasse se klubs insluit, soos onder andere bv. die Walliese Ponies, Saalperde, Arabiere, ens.

Indien 'n SA Boerperd wat reeds by die SA Boerperd Klub geregistreer is *addisioneel kompeterend* aan enige van die ander dissiplines en *teen ander rasse* wil deelneem, moet hulle dan (en dit is reeds funksionerend) ook by die ander assosiasies soos bv. die *Eventing* of *Tentpegging* aansluit. Hier sal 'n minimale fooi wat onder R200.00 per dissipline behoort te wees, ter sprake wees. Om by enige assosiasie te kan aansluit, MOET 'n perd/ruiter egter eerstens aan 'n klub behoort. Andersoortige klubs sou ook kon bestaan uit ryskole, ens. Dit is dan HIER waar ons tans besig is om te beding dat die SA Boerperde nie onnodig as eerste stap aan ander DUUR klubs hoef te behoort nie. Dit sal bv. baie duurder wees om aan KEP (*Kayalami Equestrian Park* se *Klub,* voorheen *GHS*)

te behoort, as aan die voorgestelde SA Boerperd Klub aangesien dit daar ook gaan oor geriewe wat in stand gehou moet word, ens. Raadpleeg gerus hulle web-blad om 'n idee te kry van hulle prysstrukture (www.horsesport.org.za).



Die benamings van Assosiasies op hierdie diagram, mag dalk nog verander, maar sal steeds die groepe soos hier beskryf, verteenwoordig

Die **SAEF** het direkte kontak met **SASCOC** (*South African Sports Confederation & Olympic Committee*) wat ALLE sport op nasionale vlak reguleer, asook beheer uitoefen en goedkeuring moet verleen alvorens internasionale deelname kan plaasvind. Niemand kan dus Protea-kleure verwerf as dit nie deur **SASCOC** goedgekeur is nie. Indien internasionale deelname wel deur **SASCOC** goedgekeur is, kan daar ook addisionele befondsing aangevra word.

VOORDELE VAN HERSTRUKTURERING

- 'n Databasis van alle perdesport in SA kan geskep word d.m.v. Logix (www.logix.org.za).
- SA Protea-kleure kan d.m.v. die SA Boerperd klub verwerf word indien die regte kanale gevolg word.

3. SA BOERPERD RUITERKUNS SPAN

Indien u reeds al bogenoemde inligting gelees het, sal u besef dat die herstrukturering 'n groot rol speel in hoe ons Ruiterkuns-span soos gekies in 2012 gaan kompeteer. 2011 se Ruiterkuns span het as SA Boerperd verteenwoordigers na die VSA gereis en daarvoor SA Boerperd Erekleure verwerf. Geen aanspraak kan gemaak word Protea kleure nie.

Indien ons sou wou beding dat ons huidige Ruiterkuns-span Protea kleure kon verwerf, MOET ons deur die kanale soos hierbo uiteengesit werk en dan ook aan sekere kriteria soos deur **SASCOC** bepaal, voldoen.

As gevolg van hierdie herstrukturering en die moontlikhede wat dit inhou, het ons besluit om dus nie hierdie jaar (2013) weer Ruiterkuns proewe te hou nie. Die gekose span is steeds ons span waaroor onderhandelinge moet plaasvind. Daar bestaan 'n moontlikheid dat hulle vroeg in 2014 internasionaal sal deelneem, met die goedkeuring van **SASCOC**. Hoewel daar egter nog geen konkrete antwoorde op baie vrae is nie, word daar egter hard agter die skerms beding dat die SA Boerperde en hulle ruiters hulle regmatige plek sal kan volstaan.

Hou dus moed julle! Ons het nie van julle vergeet nie!

4. STREEKKAMPIOENSKAPPE

4.1 Vrystaat Streekskampioenskappe, 2013

Charles van Schalkwyk

Hierdie jaar was die tweede keer wat Bloemfontein Skou (Bloem Skou) die Vrystaat Streekskampioenskap aangebied het. Hierdie jaar was Bloem Skou se tema "Wild West". Ons skou is een van die grootste skoue in die land wat getalle en perderasse aanbetref. 60 SA Boerperde het aan die skou deelgeneem, 24 deelnemers (stoete/eienaars) was verteenwoordig op die skou. Deelnemers vanuit die Vrystaat, Noord–Wes, Gauteng, Noord-Kaap, Oos–Kaap en Wes–Kaap het kom skou. Bloemfontein is meer as net 'n Vrystaat Streekskampioenskap, dit het 'n bereikbare Streekskampioenskap geword vir mense wat veraf geleë is in die Noord–Kaap (Augrabies en Upington), sowel as die Oos–Kaap. Dan is dit ook natuurlik lekker sentraal vir ons Vrystaat lede! Die grootste deelnemer was Hoefstsraal stoet met 11 perde. Ons het 'n aantal vertoners in en om Bloemfontein gehad wat elkeen met 1

perd kom skou het, van hulle is kinder- ruiters wat gereeld die ras se naam hoog hou by Vrystaat/Noord–Kaap SANESA skoue.

Bloemfontein is nie groot op junior teelklasse nie; dit blyk dat mense eerder hulle ry- of tuigperde kom skou. Ons hou daarvan om nie ons in–hand klasse te skei nie: dit is belangrik vir ons unieke "Kroon Perd" kompetisie en om Tradisioneel en Universeel bietjie nader aan mekaar te bring; uitslae van die afgelope jaar het bewys dat KAN gedoen word, aangesien nie een van die twee dominant was in plasings nie. Die kombinering veroorsaak egter groot Senior klasse, en daarvoor kompenseer ons met meer plasings.

Bloemfontein is vrygewig met plasings: in groter klasse word 6de, 7de en selfs 8ste plekke toegeken (met rosette). Ons is ook gelukkig met die lekker borge wat ons kry (waarvan *Crown National* die grootste is). Prysgeld word in alle klasse uitbetaal – tot by die 3de plasing. In die Kampioenskappe word prysgeld tot by die 5de plasing betaal (meer as 'n R1 000 per Kampioenskap). Produkte is ook geborg deur *Browbandz SA, The Horse Shop Bloemfontein* en *Canterlot*. Die hoogtepunt is die "Kroon Perd" wat R2 500 wen. *Lang-Carel Viceroy* was vir die 2de agtereenvolgende jaar die wenner van die Kroonperd Kompetisie. Kyk gerus ook na die ander uitslae met meegaande foto's op die webblad.

Bloemfontein Vrystaat Streekskampioenskap het 'n paar "eerstes" gedoen:

- Ons was die eerste Streekskampioenskap wat aparte "Onder 5 Jaar" en "5 Jaar en Ouer" klasse, elkeen met sy eie kampioenskap, aangebied het vir 3 Gang Universeel en – Tradisioneel.
- Ons was ook die eerste Streekskampioenskap wat die Reun in–hand klas opgedeel het in 'n Junior- ("Onder 5 Jaar") en Senior ("5 Jaar en Ouer") Kampioenskap, asook dan 'n Groot Kampioen Reun.
- Ons was een van die eerstes wat reeds sedert 2011 Skou-spring klasse aangebied het. Verder was ons die eerste Streekskampioenskap wat die "5 Gang Ruiter Onder 19 Jaar" klas aangebied het.

Die Bloemfontein SA Boerperd Skou-komitee bedank graag almal wat die skou ondersteun het – veral die vertoners wat van vêr af gekom het. 'n Spesiale dankie aan al ons borge. Dankie aan my mede skou-komitee lede: Johan Nel (Voorsitter), Dirk Odendaal, Heinrich Köhne, Herman Pheiffer, Chantel Lilly, Jani Oelofse en Andrea Walle. Dankie ook aan ons puik beoordelaars Nic Jooste (In-hand- en

Tradisionele klasse) met Chantelle Jooste as baanbeampte, asook Bev Williamson (Ruiter- en Universele klasse) met Jani Oelofse as baanbeampte. Frikkie Scheepers van die *Ryperd Beamptes Vereeniging* het met groot sukses die versamelring hanteer.

Vir die Jeug–Aksie is 'n skoudans aangebied, met die tema "Wilde Weste"; die jonges (en bietjie oueres) het lekker gedans, en daarmee saam is 'n gratis vertoners onthaal in die vorm van 'n braai: 2 skape is geskenk (Dirk Odendaal en Johan Nel), asook Boerewors (deur Herman Pheiffer). Uniek aan Bloemfontein was daar ook 'n borg vir 'n braaipak vir al die staljongens. Baie dankie ook aan Rita Odendaal vir haar moeite met die jeug.

Tydens die skou het die Vrystaat SA Boerperd Klub 'n Algemene Jaarvergadering gehou. Die besluit is daar geneem om by die Raad aansoek te doen dat die 2014 Streekskampioenskap weer op Bloemfontein aangebied word. Heinrich Köhne is verkies tot nuwe Voorsitter, Herman Pheiffer as Tesourier en Rozelle Hattingh as Sekretaresse, al 3 is van Bloemfontein.

2013 Bloem Skou was skaars afgehandel, of die Bloemfontein Skougenootskap begin al weer beplan vir 2014! Hulle wil graag weer die Vrystaat Streekskampioenskap vir ons aanbied. Hulle het ook vir ons meer tyd toegestaan – so ons sal 'n voller skou kan aanbied. Ons datum vir 2014 is 28 April – 1 Mei. Ons sien uit om julle almal weer by ons te ontvang!

4.2 Mpumalanga Streekkampioenskap 2012

Manie Louwrens

Die Mpumalanga Streekkampioenskappe het einde Maart op Ermelo se skougronde plaasgevind. Dit was baie lekker om die skou weer op Ermelo se skou-terrein aan te bied (dit was in 2011 by Pienaarsdam en in 2010 op Delmas Skougronde). Talle vertoners het sommer op die terrein gekamp en daar het deurgaans 'n goeie gees geheers. Die skou groei elke jaar en kon dan ook hierdie jaar spog met 149 deelnemende perde. Die skougronde kon genoeg stalle verskaf, wat dan ook 'n groot oorweging is wanneer die skou beplan word. Die gehalte van perde wat vertoon is, was baie goed. Baie dankie aan ons beoordelaars Sandra Bosman (universeel) en Lomon Terreblanche (tradisioneel) vir julle positiewe bydrae tot die sukses van ons skou. Judith McLeod het as hekbeampte opgetree en haar taak uitstekend en met finesse en insig verrig. Sy is 'n

vrou van vele talente en het dan sommer ook die skou-spring beoordeel. Baie dankie aan almal se bydrae tot die sukses van die skou.

Baie dankie aan Lomon Terreblanche wat gesorg het dat die jeug op ’n praktiese wyse meer te wete kon kom oor die konformasie van ons ras. Dit was insiggewend vir sowel ons jeug as ons meer “gryser” jeug. Die jeug kon dan ook lekker saam kuier en mekaar leer ken oor ’n aparte braaivleisvuurtjie saam met Riana Pretorius, Petro Grové en Jeugraadslid Olga Sfigakis. Baie dankie aan Renata Louwrens vir haar bydrae tot die jeug se honger mae!

5. JEUGAKSIE

Soos julle reeds agtergekom het, het ons sommer so by die skou-verslae ook melding gemaak van wat plaasgevind het onder die jeug.

Die Jeugraad wil egter van hierdie geleentheid gebruik maak om aan almal wat betrokke is by SANESA finale uitdunnes in allerhande dissiplines soos *dressage, skouspring, performance riding, equitation, eventing*, ens. sterkte toe te wens. Baie dankie ook dat julle ons SA Boerperde se naam hoog hou! Ons is trots op julle. Onthou om ons op die webblad te laat weet hoe dit gaan, asook om jou foto’s op te laai!

6. SA BOERPERD NASIONALE SKOU: PARYS

Die skou-komitee is reeds druk besig met die beplanning vir ons jaarlikse Nasionale SA Boerperd Skou te Parys, 23 – 28 September 2013. Die spesifieke week is ’n baie besige week aangesien SANESA ook hulle SA Kampioenskappe vir daardie week geskeduleer het.

Wat die nuusbrief betref, wil ons graag die volgende een aan vrae en antwoorde rakende die skou, asook die toepassing van meegaande en gepubliseerde skou-reëls wy. Dit Gaan die vorm van vrae en antwoorde aanneem. Stuur dus asb. voor 30 Augustus al u vrae in na Petro of Charles sodat ons die antwoorde by kundige persone kan kry en sodoende kan plaas vir almal om daaruit te kan baat vind.